# Inhoud

## Kwartaal 4: Week 36 tot 40


**Storie 1:**

Reis deur my land ................ 2





**Storie 2:**

Die swemgala ........................ 9





**Storie 3:**

Ons land se twaalf tale......... 17




EXTRACT PAGES

# Reis deur my land




EXTRACT PAGES

## Limpopo

“Vandag gaan ons deur ons eie land reis,” sê juffrou Bianca.

Die klas gaan leer van Suid-Afrika se nege pragtige provinsies.

Juffrou begin heel boaan die kaart by Limpopo.

“Die hoofstad se naam is Polokwane,” sê Juffrou.




EXTRACT PAGES

## Mpumalanga

Mpumalanga is onder Limpopo op die kaart. "Wie het al gehoor van die Krugerwildtuin?" vra Juffrou.

"Ek was al daar!" sê Bennie opgewonde.

"Dis 'n groot voorreg, Bennie!" sê Juffrou. "Die Krugerwildtuin is Suid-Afrika se grootste wildreservaat. Wildediere soos luiperds, renosters en leeus word hier beskerm."




EXTRACT PAGES

**Gauteng**

Die klas verbeel hulle nou hulle vlieg in ’n vliegtuig.
Hulle klim op die vliegtuig in Gauteng by O.R. Tambo-lughawe.
Johannesburg is die hoofstad van Gauteng.
“Daar is baie hoë geboue in Johannesburg,” sê Lika.
“Dis reg, Lika,” sê Juffrou.








EXTRACT PAGES

**Die Vrystaat**

Hulle ry met 'n bus tot in die Vrystaat.
Daar sien hulle geel mielielande.
Hulle ry met die bus tot in Bloemfontein.
Bloemfontein is die hoofstad van die Vrystaat.
"Bloemfontein word ook die Rosestad genoem," sê Juffrou.




EXTRACT PAGES

## Noordwes


"Die volgende provinsie is Noordwes," sê Juffrou.

Sy wys waar dit is op die kaart.

"Ek ken die hoofstad se naam! Dit is Mahikeng," sê Fatima.

"Dit lyk baie ver van waar ons woon," sê Frans.

"Jy is reg," sê Juffrou. "Dit is eenduisend kilometer van Kaapstad af."




EXTRACT PAGES

**KwaZulu-Natal en die Oos-Kaap**

Die passasiers eet gou hulle padkos, want hulle is honger van die reis.
Juffrou sê hulle moet gereed maak, want hulle vertrek nou na KwaZulu-Natal.
Pietermaritzburg is die hoofstad van KwaZulu-Natal.
"Volgende is die Oos-Kaap, waar die Addo-olifantpark is," sê juffrou Bianca.
"Hier kan jy olifante van naby sien!"





## Die Noord-Kaap en Wes-Kaap

Nou klim almal op die Bloutrein op pad na die Noord-Kaap.
Daar tel hul diamante op by Kimberley se Groot Gat.
Hulle is nou weer terug in die Wes-Kaap.
Hulle klim by die Kaapstadstasie af.
Net voor hulle aan die slaap raak, sien hulle die bekende Tafelberg in die verte.
Hulle is baie bly om weer terug by die huis te wees.

EXTRACT PAGES

**Vrae:**

1. Watter ander provinsies het jy al besoek?
2. Wat is die hoofstad van Gauteng?
3. Voltooi die sin: Almal klim op die Bloutrein na die _____ .

# Die swemgala




Dit is somer en dit is weer tyd vir die swemgala by Laerskool Bewershoop.
Almal wil elke jaar aan die swemgala deelneem.
Hulle wil sien wie die vinnigste kan swem en wie pryse wen.
As jy eerste, tweede of derde kom, dan moet jy op die podium gaan staan.
Die wenners kry elkeen 'n medalje: goud, silwer of brons.

EXTRACT PAGES